# HOOFSTUK XII.

## KRITIESE UITEENSETTING.[1]

(a) Algemene beskouing.

1. Adamson se filosofie.

Die hooftema wat Adamson in sy boek[2] neerlê, bring hy, soos 'n goeie filosoof, onder 'n enkele konsep, in die voorstelling: Aanpassing aan die omgewing, d.w.s., in die voorstelling van "Aanpassing aan die omgewing" het ons 'n begrip, wat, as dit volledig uitgewerk is, ons 'n volledige filosofie van die opvoeding gee. Die reaksie tussen die subjek en die objek is verantwoordelik vir die ervaring wat tot aanpassing moet lei. Hierdie aanpassing aan 'n drie-enige werklikheids-orde van natuur, kultuur en die sedelike, word dan die doel van sy opvoedkundige filosofie.

Hierdie basiese begrip van „Aanpassing aan die omgewing" verdien ons nadere aandag. In sy grondbetekenis is dit 'n biologiese begrip. Die bioloog laat fisiese organismes deur interaksie en ervaring aan fisiese toestande aanpas. Hierdie begrip ag hy dan voldoende om die aard van die werklikheid as 'n geheel, daar te stel, en dan maak hy dit van toepassing op psigiese toestande.

Nou is dit 'n vraag hoe geldig 'n opvatting nog kan wees as 'n mens dit uit sy spesifieke betekenis uithaal, dit veralgemeen, en dan toepas op iets heeltemal anders as waaruit dit sy oorsprong gevind het. Wanneer die bioloog van „Aanpassing" praat, dink hy net daaraan in verhouding tot organiese

---

1) Raadpleeg ook die volgende resensies oor "The Individual and the Environment:- (1) The Educational News, April 1922 bls. 43-46 deur F.C. (2) The Forum of Education Feb. 1923, Vol.I. New Series bls. 72-74, deur prof. T.P. Nunn, M.A., D.Sc. (3) The South African Quarterly, Junie 1922, bls. 32-35 deur Giles Hodge.

2) The Individual and the Environment, J.E. Adamson.

fisiese lewe en hy gebruik die begrip met definitiewe beperkings Dit beteken vir hom slegs sekere fisiese reaksies waarvan die aard veralgemeen word en die resultate in fisiese terme weergegee word. Oor die uiteindelike aard van fisiese lewe en sy plek in die skema van dinge bekommer hy hom nie. Dit skyn dus 'n baie groot veronderstelling te wees om die begrip dieselfde te laat bly as ons dit na die psigiese wêreld oordra. As hierdie begrip dan verder nog as 'n wetenskaplike formule behandel word, wat heeltemal anderkant die grense van die suiwer wetenskap toegepas word, om die hele aard van die werklikheid op te bou, word dit nog meer ingewikkeld. Die gladde gebruik of oorplasing van terme kan na deurmekaar denkery lei wat kan uitloop op blote terminologie. In die gewone alledaagse taal sou so'n gebruik wel 'n kleiner oortreding wees, dog dit word heel anders as ons dit die grondslag van 'n opvoedkundige filosofie maak. Verder is die begrip „Aanpassing" suiwer meganies. Die mens is nie 'n masjien nie en daar bestaan die gevaar dat die meganiese implikasies van die gedagte kan oorslaan om ons denke omtrent die geestelike en sedelike prosesse van die lewe te bederf.

As die werklike geldigheid van die begrip as 'n instrument van filosofiese, en derhalwe van opvoedkundige interpretasie, onder die oog gesien word, is daar veral twee besware wat daarteen ingebring kan word:

(i) Dit skep 'n onnatuurlike en onmoontlike dualisme tussen die indiwidu en sy wêreld, waar dit probeer om hulle as uiteindelike, onafhanklike feite te behandel. Wat hier veral gemis word is afdoende bewyse van hoe die eenheid van ervaring, waarin aanpassing plaasvind, aanhou om as 'n eenheid te ontwikkel en hoe die eenheid bewaar bly en meer en meer werklik word namate die proses vorder. Dit sou seker baie eenvoudiger gewees het om maar net aan 'n „wêreld" te dink

wat gedurig in 'n proses van self-vervulling is - ons vervul ons self daarin en daardeur, en die wêreld deur ons. Die invloede van so'n dualisme vereensaam die indiwidu en in plaas van innerlike vorming, kry ons 'n soektog na uiterlikhede waarvolgens hy hom moet in- of aanpas.

(ii) Omtrent die kern-probleem van die opvoedkunde en die filosofie, die probleem van waardes, gee hy ons nie 'n moontlike leidraad nie. Die vraag omtrent die uiteindelike waarde en belangrikheid van dinge is die eintlike arbeidsveld van die opvoedkunde, want indien die eerste en laaste strewe van die opvoedkunde nie die verkryging van waardes - werklik en aktueel - in die konkrete lewe van die mensdom is nie, dan is opvoeding nodeloos. Dog die begrip van „Aanpassing" in sigself werp geen lig op hierdie sentrale probleem nie. Waarheid, skoonheid, goedheid, vryheid en regverdigheid bly nog onduidelik. Uit die standpunt van waardes kan "Aanpassing" enigiets beteken waarvan ons hou, en as sodanig is dit 'n verkeerde voorstelling vir opvoeding. Indien daar goeie, slegte en gemiddelde grade van aanpassing sou wees, dan gaan die hele saak hier ten gronde, aangesien die maatstawwe wat erken is, nou die doel van ons opvoedkundige filosofie word.

Hierdie maatstawwe is nêrens anders as in die Eeuwig-volmaakte en Soewereine Skepper te vind nie. Die ware opvoedkundige filosofie moet die mens as 'n afhanklike skepsel van God sien. Waar die goddelike beeld in die mens deur die sonde verflou en verduister is, moet hy deur 'n kennis van sy ware roeping en doel in die lewe, weer tot volmaaktheid deur die genadeverbond gelei word. Die ideaal vir die Christelike opvoeding is waaragtige godsvrug wat innig verbind is met deeglike kennis en waardigheid, egte beskawing en 'n gesonde liggaamlike ontwikkeling. Hierdie maatstawwe maak

die mens afhanklik in sy gesag, sy vryheid en sy goedheid; dit laat hom egter nie ankerloos nie, want sy lewe is innig verbind met die Eeuwige Transendente, die Skepper van hemel en aarde.

Waar dr. Adamson egter misluk in sy vooropgestelde doel, is dit een van daardie groot mislukkings wat oneindig veel meer beteken as die sg. „suksesse" wat so baie opvoedkundige skrywers vandag so maklik kan behaal.

Adamson se werk is oorspronklik. Mens vind hier niks van die gewoonte om slegs samewattings van die werke van andere te gee nie. Hoewel sy werk swaar gedokumenteer is, laat hy nêrens die opinie van iemand anders as sy eie deurgaan nie. Die agtergrond van sy werk rus op voldoende filosofiese gronde, en vir hierdie gronde het hy teruggegaan en beginsels weer oorgedink en opnuut saamgestel. Op die wyse het hy nie slegs die vereiste om die gronde waarop ons uiteindelike opvoedkundige opvattings moet rus beklemtoon nie, maar ook 'n waardevolle bydrae tot daardie heroorweging van ons uiteindelike opvattings gelewer. Die groot fout van ons dag is dat ons so ervare is; ons is die roetine self - masjinaal Deur sedelike en intelektuele verwarring is ons in 'n hoek gedryf, en Adamson het ons daarop gewys dat ervaring en filosofie mekaar kan bevrug. Die ervaring begin reeds in ons vroegste kinderdae, en waar hy grense aanbring tussen die natuur-, kultuur- en waardegebiede, moet dit nie te letterlik opgevat word nie, omdat dit gerieflikheidshalwe so aangebied word. Hulle is slegs aspekte van 'n verenigde werklikheid, en die kind is reeds vanaf sy vroegste jare in aanraking met aldrie. Dit bly egter waar, dat op elke bepaalde leeftyd die een of ander van die ordes se invloede beslis domineer.

Wat die teorie van sy opvoedkunde betref, het hy bepaald

'n groot werk gelewer. Hoewel hy die klem minder op die subjektiewe sy - die kind - gelê het, en volgens die tradisionele Westerse beskawing die aandag veral op die skool gevestig het, het hy o.a. teoreties aangetoon wat gedoen kan word op die gebied van volksonderwys.

2. Sy opvoedkunde.

(i) Die sentrale idee van sy opvoedkunde beoog die ontwikkeling van die indiwidu in aanpassing aan die wêreld. Deur die ervaring is die indiwidu en sy wêreld nie van mekaar geskei nie, maar 'n eenheid. Aanpassing is dan 'n dubbele proses binne die eenheid van ervaring, waarin die indiwidu met sy omgewing spook, dit sy eie maak en terwyl hy dit verower, lewer hy self 'n bydrae daartoe om dit dus beter na te laat as wat hy dit gekry het. In aanpassing kleur elke mens die wêreld op 'n eie manier omdat hy 'n unieke wese, as gevolg van sy eienaardige fisiese en geestes-uitrusting, is.

Die onderwyser neem vir hom 'n soort van derde pool in besit, sodat hy die studie-objek saam met die kind kan benader. Omdat hy die leraar nie tussen die kind en sy studie-objek wil sien indring nie, handhaaf hy 'n moderne opvatting wat aan die kind die geleentheid gee om deur eie aktiwiteit en ondersoek tot die waarheid te kom - en die onderwyser bly 'n student! Hierdie waarheid bestaan vir hom in sy wêrelde as 'n geheel, soos dit deur die subjek gesien word. Deur sekere studie-vakke, wat hy vir elke aspek van sy ordes van werklikheid noukeurig omskryf, moet die kind die waarheid sy eie maak deur werklike en persoonlike aanpassing.

Wat die kultuur-orde betref, gee hy 'n duidelike beskrywing van sosiale, politieke en ekonomiese filosofie en toon dan aan dat die invloede van hierdie gemeenskapsdrade verantwoordelik is vir aanpassing aan die menslike samelewing. In

hierdie wêreld werk die opvoeding met die geestesprodukte van die voorgeslagte wat deur die eeue heen versamel is.

In die wêreld van die sedelike goedere, maatstawwe en wette, is dit nie vanselfsprekend dat 'n beskaafde mens ook 'n sedelike mens is nie. Die sedelike „ek" is in hierdie wêreld 'n waardebepalende subjek, en derhalwe lê die swaartepunt van die aanpassings-eis hier in die indiwidu self. Die indiwidu moet eers deur eie en vrywillige toedoen die sedewet aanvaar voordat dit as bindend en geldig vir hom beskou kan word, d.w.s., die vermoë van waardetoekenning is iets spesifieks indiwidueel. Daarom maak Adamson se opvoedkunde dan ook voorsiening vir die sedelike vorming van die mens.

In hierdie drie werklikheids-ordes is aanpassing 'n saak van gee en neem; "Nature in visible form; the transparent and responsive world of minds, the fabric of society and civilisation; and the moral order borne up.....by acts of individual creation. These three worlds are around and about the individual....almost, throughout his conscious life; and adjustment to each and all of them is the task of education."[3)]

In die verwesenliking van Adamson se opvoedingsdoel nl. aanpassing aan die werklikheids-ordes, het die skool 'n belangrike taak. In die begin moet die skool die kind se eie wêreld van konkrete objekte, op die beginsel, „van die bekende na die onbekende" deur natuurkennis aanvul. Nadat hy die bekende in sy spesifieke omgewing dan aangevul het, word die veld langsamerhand deur aardrykskunde, handwerk, taalstudie, rekenkunde en geskiedenis verbreed. Voortbouende op hierdie beginsels gaan die skool geleidelik van die konkrete na die abstrakte en van die studie van die objekte self na die verhouding waarin

---

3) Ibid., bls. 3

dit tot ander objekte staan. In hierdie proses is die eenheid en samehang van die leerstof, sowel as die beperking en keuring daarvan, 'n noodsaaklike plig van die skool. Met die vermeerdering van die verstandelike kennis en vermoë word die kind deur middel van die natuurwetenskappe op 'n basis van meer wetenskaplike verwerking en beskouing geplaas. Met die aanvulling van sy vakkennis beoog die skool 'n wyer uitsig op die eenheid van die werklikheid. Sodra die kind dan die natuur of die aarde bekyk het, wend hy as vanself sy aandag na die bewoners daarvan en hul onderlinge verhouding. Sy aandag aan hierdie maatskaplike bestaans-orde word dan weer as 'n eenheid gesien uit die verskillende gesigspunte wat die staatkundige, ekonomiese, nasionale en godsdienstige faktore, verleen. Die sedelike opvoeding wat Adamson vir sy mens beoog gaan gepaard met, en is 'n voortsetting van, hierdie esteties-maatskaplike vorming, wat met die godsdienstige oriëntasie van die leerling eindig.

(ii) In sy opvoedkundige teorie - 'n waardevolle bydrae tot die opvoedkunde - het Adamson 'n uiteensetting gegee van hoe die kind in sy ontwikkelingsgang in die besit van die materiële, kulturele en sedelike wêrelde, wat hom gedurig omring, kom. Aan die een kant het hy ons die subjek of kind gegee en aan die ander kant het hy die objek of wêreld belig.

Die kind moet deur aanpassing sy plek in sy drie werklikheids-ordes vind uit die objektiewe materie of leerstof wat hy vir sy geestesvorming nodig het. Die opvoeder kan in hierdie proses die nadruk hoofsaaklik óf op die psigologiese, d.w.s. die kind, óf op die logiese, d.w.s. die objektiewe, laat val. In sy standaardwerk[4], die eintlike tema van hierdie verhandeling, het Adamson baie meer aandag aan die skool

---

4) The Individual and the Environment, J.E.Adamson.

en sy taak as aan die kindersiel en sy groot verskeidenheid van moontlikhede gegee. Hoewel dit die tradisionele uitgangspunt van die opvoedkunde is, kon 'n empiries-induktiewe benadering ons baie waardevolle inligting omtrent die kind, van wie ons nog so min weet, gegee het.

As ons verder Adamson se einddoel onder die soeklig stel, dan vind ons dat hy in die gedurige wording van die wêreld - in die ewolusie - glo. Waar hy aanpassing aan "The whole of reality which is God"[5] wil bewerkstellig, kan hy hierdie werklikheid nie as 'n skeppingsdaad van God sien nie. Hierdie hele werklikheid is egter vir hom God. Die hele werklikheid het deur ewolusie, selfs skeppende ewolusie, geword, en nou na die wording, is dit ook God. Daar moet dus vir hom geen tweespalt tussen ewolusie en God bestaan nie. Sy godheid is 'n krag wat teleologie aan stof verskaf het. Dit kan vir hom egter nie 'n Bybelse, skeppende God, wees nie. Volgens die Skrif ken die christen-gelowige 'n skeppende Opperwese en hierdie opvatting van dr. Adamson se godheid is dus onskriftuurlik. Waar sy einddoel 'n volmaak aangepaste indiwidu aan die hele werklikheid beoog, is hierdie werklikheid nie 'n Godgeskape, Bybelse werklikheid nie, maar 'n werklikheid wat onstaan het deur die werkinge van die materie of die natuur. Vir die christen-gelowige is skepping en ewolusie onversoenbaar en as gevolg van hierdie verskil van geloof en opvatting omtrent die aard van die werklikheid, sal ons einddoel van die opvoeding dus 'n ander vereiste aan die finaal-aangepaste indiwidu stel, as dié van hom. „Die hoof-inhoud van ons kennis bestaan dan in die geloof, die wet, die gebed en die

5) Ibid., bls. 371

Woord en die sakramente. En as ons die hoogste kennis het, dan bereik ons die hoogste goed en doel van ons menslike lewe"[6] Vir ons is die mens 'n objek van genade, vir hom 'n objek van wording.

3. Sy geskrifte.

Om Adamson se werke na verdienste te waardeer moet 'n mens dit self lees. Die aktiewe gees van die opvoedkundige filosoof is gedurig en gesellig met nuwe gedagtes en idees aanwesig. Sy kennis omtrent die opvoedkunde berus op enorme belesenheid. In sy standaardwerk bring hy ons in aanraking met die beste Engelse werke oor die opvoedkunde. Sy kennis van Frans, Duits en Nederlands het hom toegang tot die bronne van die vasteland besorg. Nieteenstaande die geweldige invloed wat hierdie denkers op hom moes uitgeoefen het,het hy tog steeds die oorspronklike opvoedkundige denker en bekwame administrateur gebly.

(i) Sy logika.

In "The Teacher's Logic" het hy, na aanleiding van die logika van Hills, beginsels van navorsing en bewysgronde uitgewerk wat veral besonder nuttig vir onderwysers van die natuurwetenskappe is. Hierdie werkie is egter ook in 'n breë sin baie leersaam vir onderwysers van alle vakke waar streng logiese prosedures vereis word. Die beginsels van die logika, toegepas volgens die vereistes van die logiese prosedure, sal dan ook seker veel daartoe bydra om die praktiese lesse in die skool van wetenskaplike werkwyses te voorsien. In elke hoofstuk stel hy eers die saak, gee dan 'n opsomming daarvan en sluit dit af met 'n vraereeks. Dit is 'n nuttige boekie en dit is duidelik en leersaam geskryf.

---

6) Eerste beginsels van die Calvinistiese Opvoeding, J. Chris. Coetzee, bls. 20.

(ii) Sy Platoniese opvoedkunde.

In "Education in Plato's Republic", het hy die beginsels van Plato se filosofie nagegaan en dan aangetoon hoe dit die opvoedkunde bevrug. Met die gedagtes van hierdie vermaerde klassieke wysgeer as grondslag, het hy dan aangetoon dat daar benewens die wêreld van wetenskaplike feite ook 'n wêreld van waardes is. Uit sy beredenerings is dit duidelik dat Adamson self 'n uitnemende wysgeer is. Hy het eers 'n behoorlike opsomming van Plato se wysbegeerte gegee en daarna het 'n kritiese verduideliking gevolg. Hy het die sosiale, sielkundige en filosofiese gedagtes van Plato ontrafel, gerangskik en in 'n verstaanbare vorm aangebied. Hierdie gegewens het hy dan toegepas in sy opvoedkunde wat die bestaan van 'n wêreld van waardes in sy doelstrewing moes najaag. Sy opvoeding het vir die mens 'n geestelik-psigiese sowel as 'n liggaamlik-psigologiese opvoeding vereis.en hy skryf wyselik gemaklik en duidelik oor die saak.

Dis 'n besonder waardevolle werkie, waarin baie van die grondgedagtes van sy standaardwerk, waarin hy sy aanpassingsteorie ontwikkel het, gevind word.

(iii) "The Individual and the Environment."

In hierdie werk het Adamson 'n teorie van opvoedkunde daargestel. Die grondgedagte waarop hy voortgewerk het is die vereniging van die biologiese benadering in die opvoeding met die filosofie van waardes. In sy teorie van die opvoeding probeer hy 'n versoening bewerk, deur middel van aanpassing tussen 'n biologiese beginpunt en 'n ideale eindpunt.

Hoewel daar van Calvinistiese standpunt 'n verskil van mening bestaan wat sy filosofiese en opvoedkundige eindpunt betref, het hy 'n groot opvoedkundige werk gelewer waarvoor die saak van opvoeding hom veel dank verskuldig is. Sy rype

lewenservaring, sy deeglike filosofiese grondslag en sy heldere opvoedkundige insig het die verskyning van hierdie werk 'n groot opvoedkundige gebeurtenis gemaak. Dis 'n skatkamer van opvoedkundige juwele.

(iv)"Externals and Essentials."

Dis sy jongste werk. Dit bevat dan ook die nugtere sienswyse van 'n ervaringsrype pedagoog. Die hoof probleem speel om die volgende noodsaaklikhede van die lewe: Indiwidualiteit; Patriotisme; Geluk; Geestestoepassing; Kuns; Orde; sisteem, metode;en die noodsaaklikheid van opvoeding.

Hierdie noodsaaklikhede van die lewe moet deur opvoeding in ag geneem word volgens die opvoedkundige formule wat hy as volg voorstel: O = B.W., waar O = Opvoeding, B = die ewolusionêre aanpassing tussen die indiwidu en die omgewing, en W = Waarde. Hierdie boekie behoort deur elkeen wat in lewenswaardes belangstel gelees te word.

(v)"Songs from the South." "Education for a brave new World"[7] toesprake en jaarrapporte. Die grondslag van bogenoemde produkte, behalwe sy "Songs", is eintlik in sy teorie van opvoedkunde verwerk en beantwoord aan dieselfde gehalte.

(b) Besondere Beskouing.

As ons Adamson se opvoedkunde, soos dit in hierdie verhandeling bespreek is, nagaan, vind ons dat hy die kind en sy opvoeding aan 'n deeglik wysgerig-opvoedkundige ondersoek onderwerp het. Die kind het hy na sy aard en wese omskryf en die wêreld waaraan hy moet aanpas verklaar. Aan sy opvoeder het hy 'n duidelike beeld verskaf van die subjek en die objek waarin hy belangstel. Uit die gedurige wisselwerking tussen die subjektiewe kind en die objektiewe wêreld

---

7) Ongepubliseerde artikel, J.E.Adamson.

moet sy aanpassing, wat uiteindelik vir sy vorming en ontwikkeling verantwoordelik is, ontstaan. Hierdie proses bestaan daarin dat die natuur ondersoek, die kultuur ontdek en die sedelike geskep moet word, waardeur én subjek én objek gunstige ontwikkeling ondergaan. Hierdie vorming en ontwikkeling kan egter nie sonder leiding en rigting voortgaan nie, aangesien die kind tot 'n sekere bepaalde stadium of doel opgevoed moet word. Derhalwe het Adamson aangetoon wat die opvoeding vir die kind moet doen. Hy het naamlik die opvoedingsdoel vasgelê. Die kind moet gelei word om die natuur lief te hê, sy medemens te dien, self sedelik te leef, en die waarde van dinge te kan bepaal.

Oor die vraag of dit moontlik is om die kind so op te voed, bewys Adamson dan op sielkundige gronde dat die kind opvoedbaar is omdat hy oor al die vermoëns beskik wat hom instaat stel om te kan leer. Daarby ontleed hy ook die omgewing waarin die kind leef om eindelik op die vormende invloede daarvan te wys. In die opvoeding van die kind word dit dus 'n baie belangrike saak om voorsiening vir 'n onderwysinhoud te maak wat geskik en omvangryk genoeg is vir die ontwikkeling van die verskeidenheid van aanleg en vermoë van die kind. Adamson kies sy leerstof raak uit sy drie ryke van werklikheid en gun verder die voorregte van 'n redelik vrye leerplankeuse aan die skool as formele invloedsfeer. Die kennis wat sy kind opdoen is egter vir hom ondergeskik aan die waarde wat dit vir die lewe van die kind in aanpassing sal hê. Dog aanpassing is vir hom 'n saak wat tussen die subjek en die objek plaasvind. Om die aanpassing dus aan te help en te versnel, glo hy aan die vormingskrag wat deur onwillekeurige belangstelling vloei. Daarom moet die onderwysmetodes so gekies word dat dit die belangstelling en selfwerksaamheid van die kind gedurig in die hand werk. Die kind

moet die aanpassingsweg nie slegs interessant en leersaam vind nie, maar hy moet sy eie plek in die gemeenskap, waarin hy leef, kan besef en waardeer.

Dit sal ook die handhawing van tug en orde vergemaklik as die kind 'n duidelike besef het van die doel waarvoor hy opgevoed word. In die beskawing van sy oerneigings is dit beter om te lei as om te dryf, en die ideaal en grondslag om 'n lewenslange student te bly, moet deur die skool gelê word. In hierdie werksaamheid van die opvoeding van die kind is die invloed van die huis, die godsdiens en die samelewing seker net so belangrik as die van die skool self. Alles moet saamwerk in die vorming van 'n sedelike mens.

As elkeen van die aspekte wat Adamson aan die hand gedoen het vir die aanpassing van die kind aan sy wêrelde, nagegaan word, dan ontstaan daar vir ons so 'n rykdom van gedagtes, dat dit inspirasie en ideale vir die saak van die opvoeding wek!

(c) <u>Adamson!</u>

Negentien jaar aan die hoof van die onderwys in die Transvaal! Verskillende regerings het gekom en gegaan - Adamson, het gebly. Nasionale en internasionale storms het ontwrigting gesaai. Adamson, het die fort behou. 1,234 onderwysers het hom in 1905 begroet. In 1924 het 5,149 hom 'n vaarwel toegeroep! In 1905 het 'n skoolgaande jeug van 29,456 op sy leiding gewag. 126,150 het sy leiding geniet in 1924. Onderwysuitgawes het £367,000 beloop in 1905. In 1924 betaal sy departement £2,669,253 uit. Negentien jaar het 'n groot verskil gemaak in syfers. Dit het ook 'n groot verskil gemaak in opvoedingstoestande. Die onderwys het mondig geword! In hierdie sin is Adamson die grondlêer van die Transvaalse onderwys. Hy is dit ook van die Transvaalse Opvoedkunde. Nuwe dinge

wat in die laaste 20 jaar verwesenlik is, is die vervulling van sy ideale. Sy gees sal nog lank in die hart van die Transvaalse onderwys leef. Waarom? Ons beantwoord die vraag met die woorde van Prof. J. Chris. Coetzee : "In elke sfeer van die Departement se werk het die afgetrede Direkteur sy merk gelaat. In die laerskool is die leerplan georganiseer en gemaak tot 'n lewende instrument van onderwys, en dit is voortdurend gewysig na gelang van omstandighede. In die middelbare skool is sy dienstyd gekenmerk deur 'n tydperk van ongekende ontwikkeling; hy was verantwoordelik vir die instelling van 'n eie eindeksamen. Sy invloed het sig egter veral laat voel op die gebied van die onderwysersopleiding. En boonop was Adamson 'n opvoedkundige filosoof van geen geringe naam nie: sy standaardwerk "Education and Environment" het in alle Engelssprekende lande opgang gemaak. Sy jaarverslae vanaf 1905 tot 1923 is meer as offisiële blouboeke; hulle is vol originele gedagtes. As Onderwysman, Opvoedkundige, Direkteur en as mens sal hy 'n blywende plek in die Transvaalse Onderwysgeskiedenis behou."[8)]

---

8) Onderwys in Transvaal bls.168.